

Woensdag 26 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 5:17-19

Fokusgedeelte: Prediker 5:18

Werk as gawe uit God se hand

Die werk wat die Here aan die mens gee, is nie 'n straf nie. Die Here gee die opdrag om die aarde te bewerk. Met die sondeval van die mens kom daar egter die straf dat die man met swaarkry 'n bestaan sal maak. Net deur harde werk sal hy kan eet totdat hy terugkeer na die aarde.

Hoewel dit baie droewig is, hoor ons die wonderlike woorde in Prediker dat die Here steeds baie genade aan die mens betoon. Hoewel daar nou met baie moeite gewerk moet word, is daar steeds oorfloedige vreugde.

Die Prediker noem dan dat dit aangenaam is om eenvoudige dinge tussendeur die geswoeg te geniet. So tussendeur werk is daar hierdie gereelde stukkie genot, soos teetyd, middagete en rus. Ook deur middel van werk is daar groter dinge waarmee die Here 'n mens seën: die besittings en rykdom wat jy verkry. Selfs harde werk bring vir die mens vreugde vanweë die gawes, omdat 'n mens dan skaars nadink oor jou lewensdae.

Die wonderlike van werk is dat God die mens laat besig wees met die vreugde van sy hart. Elke mens is uniek geskape en vind in sy uniekheid vreugde in die verskillende soorte werk wat spesifiek goed is vir hom.

Juis daarom waarsku die Here om nie rykdom na te jaag nie. Ons moet oppas vir gierigheid, maar moet ons vreugde vind in dit wat die Here gee. Erken dat dit God is wat die gawes gee. Deur ons Here Jesus Christus is Hy ons hemelse Vader wat weet wat ons nodig het (Matt. 6:32).

Wat die Prediker dus sê, is dat alle goeie dinge gawes uit die Here se hand is. Nie net rykdom nie, maar ook werk en om te eet en te drink en die lewe te geniet. Dit is ook die samevatting waartoe die Prediker kom – om nie rykdom na te jaag nie, maar die aanmoediging om God se daaglikse geskenke te geniet. Jou lewe bestaan nie uit die oorvloed besittings wat jy het nie, maar in die vreugde in dit wat God elke dag aan jou gee.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6

Ds. CB Robynson (Brahm) (Cachet)